

BYLAE 3

FISIESE VEREISTES VIR PLANTMATERIAAL

[Artikel 12(c)]

1. Algemeen

Plantmateriaal mag nie enige tekens van uitdroging of fisiologiese, chemiese, hael-, koue-, insek- of patogeenbeskadiging of ernstige meganiiese beskadiging vertoon nie.

2. Bostokentlote

2.1 Bostokentlote moet van plante afkomstig wees wat –

2.1.1 in die geval van entlote aangewend vir groen-enting, minder as twee jaar oud mag wees, en

2.1.2 andersins minstens twee jaar oud is.

2.2 Die ogies van sodanige lote moet rustend wees en geen tekens van bot of swel toon nie.

2.3 Sodanige lote moet oor die volle lengte daarvan ryp wees.

2.4 Die internodium-deursnee van sodanige lote oor die volle lengte daarvan moet tussen 6.5 mm en 12 mm wees.

[Paragraaf 2.4 gewysig deur R. 227 van 19 Maart 2021]

3. Bostokplantlote

3.1 Bostokplantlote moet van plante afkomstig wees wat minstens twee jaar oud is.

3.2 Die ogies van sodanige lote moet rustend wees en geen tekens van bot of swel toon nie.

3.3 Sodanige lote moet minstens 300 mm lank wees.

3.4 Sodanige lote moet oor die volle lengte daarvan ryp wees.

3.5 Sodanige lote mag nie enige rankies of sylote hê nie.

3.6 Sodanige lote moet so reguit wees dat dit lengtegewys tussen twee parallelle reguit lyne 30 mm uitmekaar pas.

- 3.7 Die deursnee van sodanige lote tussen die boonste twee ogies moet minstens 4 mm wees.
- 3.8 Geen sodanige loot mag meer as sewe nodusse hê nie.
- 3.9 'n Ogie moet binne 15 mm van die bopunt van elke sodanige loot voorkom.

[Toevoeging van Paragrafe 3.8 & 3.9 deur R. 227 van 19 Maart 2021]

4. **Onderstokentlote**

- 4.1 Onderstokentlote moet van plante afkomstig wees wat minstens twee jaar oud is.
- 4.2 Sodanige lote moet oor die hele lengte daarvan ryp wees.
- 4.3 'n Nodus moet binne 15 mm van die basis van elke sodanige loot voorkom.
- 4.4 Sodanige lote moet tussen 250 mm en 280 mm lank wees.
- 4.5 Die internodium-deursnee van sodanige lote oor die volle lengte daarvan moet tussen 6,5 mm en 12 mm wees: Met dien verstande dat die internodium-deursnee van minstens 70% van die lote in 'n lot nie minder as 7 mm mag wees nie.
- 4.6 Sodanige lote mag nie rankies of sylote hê of in 'n syloot oorgaan nie.
- 4.7 Sodanige lote moet so reguit wees dat dit lengtegewys tussen twee parallelle reguit lyne 30 mm uitmekaar pas.

5. **Onderstokplantlote**

- 5.1 Onderstokplantlote moet van plante afkomstig wees wat minstens twee jaar oud is.
- 5.2 Sodanige lote moet oor die hele lengte daarvan ryp wees.
- 5.3 Sodanige lote moet minstens 300 mm lank wees.
- 5.4 Die deursnee van sodanige lote tussen die boonste twee ogies moet minstens 4,5 mm wees.
- 5.5 Geen sodanige loot mag meer as sewe nodusse hê nie.
- 5.6 'n Ogie moet binne 15 mm van die bopunt van elke sodanige loot voorkom.

- 5.7 Sodanige lote mag nie enige rankies of sylote hê nie.
- 5.8 Sodanige lote moet so reguit wees dat dit lengtegewys tussen twee parallelle reguit lyne 30 mm uitmekaar pas.

6. Gewortelde onderstokplante in houers

- 6.1 Elke gewortelde onderstokplant wat van 'n eenoogsteggie gekweek is en in 'n houer gevestig is, moet -
 - 6.1.1 minstens een loot met 'n minimum lengte van 100 mm hê wat, wanneer dit in 'n rustoestand is, oor minstens twee derdes van die lengte daarvan ryp is;
 - 6.1.2 minstens twee goed ontwikkelde wortels aan die basis daarvan hê; en
 - 6.1.3 bogroei in die groeiende toestand hê wat goed afgehard is.
- 6.2 Elke gewortelde onderstokplant wat nie van 'n eenoogsteggie gekweek is nie en in 'n houer gevestig is, moet -
 - 6.2.1 'n stam hê wat minstens twee jaar oud is, minstens 200 mm lank is en 'n internodium-deursnee van minstens 5 mm het;
 - 6.2.2 minstens een goed afgeharde een jaar oue loot met 'n minimum lengte van 150 mm hê wat oor minstens twee derdes van die lengte daarvan goed ryp is wanneer dit in 'n rustoestand is;
 - 6.2.3 minstens twee goed ontwikkelde wortels aan die basis daarvan hê; en
 - 6.2.4 'n bogroei in die groeiende toestand hê wat goed afgehard is.

[Artikel 6 gewysig deur R. 227 van 19 Maart 2021]

7. Gewortelde onderstokplante nie in houers

- 7.1 Elke gewortelde onderstokplant wat nie in 'n houer gevestig is nie, moet minstens een ryp loot met 'n minimum lengte van 150 mm, of minstens twee ryp lote met 'n minimum lengte van 100 mm elk, hê.
- 7.2 Die gedeelte ouer as een jaar van elke sodanige plant moet minstens 250 mm lank wees met 'n minimum deursnee van 5 mm. Indien die plant aangewend gaan word vir die vestiging van 'n moederplant moet die stam ten minste 150 mm lank wees.

[Paragraaf 7.2 gewysig deur R. 227 van 19 Maart 2021]

- 7.3 Elke sodanige plant moet 'n goed ontwikkelde wortelstelsel met minstens twee wortels aan die basis daarvan hê.
- 7.4 Geen dooie gedeeltes mag aan so 'n plant voorkom nie.
- 7.5 Die wortels van so 'n plant mag nie korter as 100 mm teruggesny wees nie.

8. Gewortelde geënte plante in houers

- 8.1 Die entlas van 'n gewortelde geënte plant wat in 'n houer gevestig is, moet -
 - 8.1.1 in die geval van sy-enting, vry van hegbande wees en minstens aan die onderste driekwart van die entlas stewig vasgekallus wees; en
 - 8.1.2 in die geval van kop-enting, reg rondom stewig vasgekallus wees: Met dien verstande dat in die geval van 'n plant waarvan die enting op winterhout uitgevoer is en vir een seisoen na enting oorgestaan het, die entlas die buig- en draaitoets moet weerstaan.
- 8.2 Die deursnee van die bostok van so 'n plant mag nie meer as 3 mm dikker of meer as 3 mm dunner as dié van die onderstok wees nie.
- 8.3 Die onderstok van so 'n plant moet, indien dit van rustende hout afkomstig is, minstens 150 mm lank wees en 'n internodium-deursnee van minstens 6.5 mm hê.
[Paragraaf 8.3 vervang deur R. 227 van 19 Maart 2021]
- 8.4 Elke sodanige plant moet minstens een loot met 'n minimum lengte van 150 mm hê wat oor minstens twee derdes van die lengte daarvan goed ryp is wanneer dit in 'n rustende toestand is.
- 8.5 Elke sodanige plant moet minstens drie goed ontwikkelde wortels hê wat eweredig aan die basis daarvan voorkom.
- 8.6 Die bogroei van elke sodanige plant in die groeiende toestand moet goed afgehard wees.

9. Gewortelde geënte plante nie in houers

- 9.1 Die entlas van 'n gewortelde geënte plant wat nie in 'n houer gevestig is nie, moet -

- 9.1.1 in die geval van sy-enting, vry van hegbande wees en minstens aan die onderste driekwart van die entlas stewig vasgekallus wees; en
 - 9.1.2 in die geval van kop-enting, reg rondom stewig vasgekallus wees en die buig- en draaitoets kan weerstaan.
 - 9.2 Die deursnee van die bostok van sodanige plant mag nie meer as 2 mm dikker of meer as 3 mm dunner as dié van die onderstok wees nie.
 - 9.3 Elke sodanige plant moet minstens twee goed ontwikkelde wortels aan die basis daarvan hê.
 - 9.4 Geen tekens van die verwydering van wortels dikker as 2 mm in deursnee van die bostok van sodanige plant mag sigbaar wees nie.
 - 9.5 Geen lewende primêre oë mag op die onderstok van sodanige plant voorkom nie.
 - 9.6 Elke sodanige plant moet minstens een ryp loot hê wat -
 - 9.6.1 in die geval van die variëteite, Barlinka, Dauphine, Muscat d'Alexandrie en Sugrasixteen, minstens 100 mm lank is met 'n internodium deursnee van 3 mm op 'n lengte van 50 mm; en
[Subparagraaf 9.6.1 gewysig deur R. 227 van 19 Maart 2021]
 - 9.6.2 andersins minstens 150 mm lank is met 'n internodium deursnee van 3 mm op 'n lengte van 50 mm.
 - 9.7 Die onderstok van elke sodanige plant moet minstens 200 mm lank wees.
 - 9.8 Geen dooie gedeeltes mag aan sodanige plant voorkom nie.
 - 9.9 Die wortels van so 'n plant mag nie korter as 100 mm teruggesny wees nie.
- 10. Gewortelde groen-ent plante in houers**
- 10.1 Die entlas van 'n groen geënte plant in 'n houer moet reg rondom vas gekallus wees.
 - 10.2 Die internodium-deursnee van die bostok van so 'n plant moet minstens 1,5 mm wees.
 - 10.3 Elke eenjaaroue plant, in 'n rustende toestand, moet minstens een ryp loot hê wat minstens 80 mm lank is.

- 10.4 Elke plant, nie in 'n rustende toestand nie en wat vir een groeiseisoen na enting oorgestaan het, moet minstens een groenloot hê wat minstens 80 mm lank is.
- 10.5 Die onderstok van so 'n plant moet -
 - 10.5.1 oor die volle lengte goed ryp wees;
 - 10.5.2 'n internodium-deursnee van minstens 1,5 mm hê; en
 - 10.5.3 minstens 100 mm lank wees.
- 10.6 Elke plant moet minstens drie goed ontwikkelde wortels eweredig versprei aan die basis daarvan hê.

11. Gewortelde ongeënte bostok plante in houers

- 11.1 Elke gewortelde ongeënte bostokplant wat gekweek is vanaf 'n bostokplantloot en wat in 'n houer gevestig is, moet –
 - 11.1.1 minstens een loot met 'n minimum lengte van 100 mm hê wat, wanneer dit in 'n rustoestand is, oor minstens twee derdes van die lengte daarvan ryp is;
 - 11.1.2 minstens twee goed ontwikkelde wortels aan die basis daarvan hê; en
 - 11.1.3 bogroei in die groeiende toestand hê wat goed afgehard is.

[Toevoeging van Artikel 11 deur R. 227 van 19 Maart 2021]

12. Gewortelde ongeënte bostokplante nie in houers

- 12.1 Elke gewortelde ongeënte bostokplant wat gekweek is vanaf 'n bostokplantloot en wat nie in 'n houer gevestig is nie, moet –
 - 12.1.1 'n stam hê waarvan die twee-jaar oue gedeelte minstens 150 mm lank is en met 'n internodium deursnee van minstens 5 mm; en
 - 12.1.2 minstens twee goed ontwikkelde wortels aan die basis daarvan hê.
- 12.2 Geen dooie gedeeltes mag aan sodanige plant voorkom nie.
- 12.3 Die wortels van sodanige plant mag nie korter as 100 mm teruggesny wees nie.

[Toevoeging van Artikel 12 deur R. 227 van 19 Maart 2021]